

DOELWIT: Lees, interpreteer en teken 'n staafgrafiek.

HULPBRONNE: Skryfpapier; Skryfbehoeftes; Internet; Handboek (*Almal Verstaan Wiskunde*)

LES:

1. Hoofreken:

Doen die volgende somme (mondelings/skriftelik).

$2 \times 4 =$	$72 \div 9 =$	$8 \times 12 =$	$3 \times 2 =$
$12 \times 3 =$	$5 \times 3 =$	$7 \times 12 =$	$50 \div 5 =$
$9 \times 10 =$	$6 \times 6 =$	$12 \div 12 =$	$6 \times 11 =$
$12 \times 9 =$	$32 \div 8 =$	$11 \times 9 =$	$12 \times 2 =$
$12 \div 3 =$	$11 \times 6 =$	$20 \div 2 =$	$3 \div 3 =$

2. Aktiwiteite:

2.1. Klik op die onderstaande webskakel om weer na Les 1 se video te kyk. Let veral op hoe staafgrafieke geteken word.




Datahantering: <https://www.youtube.com/watch?v=1EfdymMTokw>

2.2. Ons gaan vandag net op **staafgrafieke** met enkel stawe fokus. Jy het dit reeds in Gr.4 en Gr.5 behandel.


BELANGRIKE KONSEPTE:

- 'n **Staafgrafiek** kan ook 'n **kolomgrafiek** genoem word.
- Kyk na die **VOORBEELDE** en let op watter elemente (dinge) moet teenwoordig wees:

A) Horisontale staafgrafiek



B) Vertikale staafgrafiek



2.3. Gebruik die bogenoemde **vertikale staafgrafiek (B)** om die volgende vrae te beantwoord.

- Watter data is ingesamel?
- Wat is die byskrif(te) van die horisontale as?
- Wat is die byskrif(te) van die vertikale as?
- Wat is die intervalle op vertikale as?
(In watter eenheid/getalle word daar getel?)
- Wat is die gewildste wegneemete?
- Hoeveel leerders hou die meeste van vetkoeke?
- Hoeveel leerders het aan hierdie opname deelgeneem?

2.4. Gebruik jou tellingtabel (**Aktiwiteit 1 Bl.60 no.2**) van Les 1 en teken 'n **vertikale staafgrafiek**.

Hier is 'n **KONTROLELYS** om seker te maak jy vergeet nie iets nie:

- Beskrywende opskrif (Heelbo & Dit bevat gewoonlik 'n WIE en 'n WAT)
- Stawe korrek geteken volgens totale in die tellingtabel
- Spasiëring (Spasies voor én na elke staaf)
- Intervalle op vertikale ↑ as (Bv. Tel in 2's)
- Byskrif vir vertikale ↑ as (Wat getel word - Bv. Aantal karre)
- Byskrifte vir horisontale ⇨ as (Verskillende soort items wat getel word – Bv. Karre: Toyota, Opel ...)
- Alle lyne word altyd met 'n liniaal en 'n potlood geteken!**

ANTWOORDE:

1. **Hoofreken:**


$$\begin{array}{cccc} 2 \times 4 = 8 & 72 \div 9 = 8 & 8 \times 12 = 96 & 3 \times 2 = 6 \\ 12 \times 3 = 36 & 5 \times 3 = 15 & 7 \times 12 = 84 & 50 \div 5 = 10 \\ 9 \times 10 = 90 & 6 \times 6 = 36 & 12 \div 12 = 1 & 6 \times 11 = 66 \\ 12 \times 9 = 108 & 32 \div 8 = 4 & 11 \times 9 = 99 & 12 \times 2 = 24 \\ 12 \div 3 = 4 & 11 \times 6 = 66 & 20 \div 2 = 10 & 3 \div 3 = 1 \end{array}$$

2. **Aktiwiteite:**

- 2.3.
- Gr.6-leerders se gunsteling wegneemetes
 - Verskillende wegneemetes: Pizza; Sushi; Vis & Tjips; Vetkoek; Burgers
 - Aantal leerders
 - Tel in 2's
 - Pizza
 - 7 leerders
 - $7 + 12 + 8 + 3 + 15 = 45$ leerders



2.4.



Spasie voor elke staaf ✓

Alle lyne is netjies met 'n liniaal geteken ✓

Merk jou staafgrafiek en gee vir jouself 'n punt. Gebruik die onderstaande rubriek:

Kriteria	Puntetoekenning	Jou punt
Beskrywende opskrif (met 'n WIE en 'n WAT)	2	
Vertikale as	1	
Vertikale as byskrif	1	
Horisontale as	1	
Horisontale as byskrifte	2	
Intervalle op vertikale as	1	
Spasie voor elke staaf	1	
Stawe korrek geteken	8	
Alle lyne is netjies met 'n liniaal geteken	1	
TOTAAL	18	